Die Aankondiger

10 Oktober 2020

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Prediker: *Ds Gideon Du Toit*
Skriflesing: *2 Korintiërs 5:21 & Romeine 8:1*
Tema: *Vrygespreek*
Lied: ***163, 167 en 210***

Meer as oorwinnaars

- Madel Van der Wat se seun, Daniel, gaan deur ‘n moeilike tyd. Ons dra hom op aan die Here in ons gebede.
- Ds Dirk Myburgh en Gert Botha, albei van Rusoord, het gesterf.
- Steph Jacobs skuif vanaf Woensdag na Rusoord waar hy permanent gaan bly en sy huis opgee in die Parke.
- Sandra Shires se ma, ouma Poppie Olivier het komplikasies ervaar na ‘n operasie. Ons dink aan die familie en bid vir hulle.
- Engela Nieuwoudt is ontslaan uit die hospitaal na ‘n operasie en voel baie beter. Ons dank die Here daarvoor.

TE KOOP

Gemeentelede word die kans gegun om die volgende items te koop en verwyder tot 15 Oktober waarna dit in die media geadverteer gaan word. Die kerk benodig die spasie en fondse om ‘n paar projekte te voltooi.

1.	Biljarttafels x 2	R 4000.00	ona
2.	Pottebakkersoond	R 2000.00	ona
3.	Lang kerkbank	R 1000.00	

Kontak **Alex** by **0829283554** vir verdere navrae.

CMR

Liewe gemeente, Lyttelton-Noord moes in September nie-bederfbare voedsel aan die CMR voorsien wat weens die inperking agterweë gebly het. Ons versoek dat u gedurende die week, (Maandag, Woensdag en Vrydag) of Sondag, voedselpakkies by die Kerkkantoor sal aflewer. U bydraes sal hoog waardeer word. Die CMR is afhanklik van ons hulp.

God wil hê dat jy sukses moet behaal (1)

Matteus 6:33 NLV

Sommige mense dink dat God se hoofdoel is om hulle siele te red, om hulle te help om so moreel opreg en geestelik volwasse as moontlik te word en om hulle eendag hemel toe te neem om saam met Hom daar te woon. In 'n sin is dit waar. Hierdie siening dink egter dat God nie in jou werk, jou gesondheid, jou verhoudings, jou finansies of jou drome en doelwitte geïnteresseerd is nie, omdat hierdie dinge wêrelds, vleeslik en tydelik is. Kom ons kyk na die Skrif en sien wat God regtig hieroor sê. Die waarheid is inteendeel die teenoorgestel de (sien Josua 1:8; Jesaja 48:17; 3 Johannes 2). Deur te glo dat God geen deel daaraan het om sukses in jou beroep of finansiële sekuriteit te behaal nie, is in direkte teenstelling met wat sy Woord sê. Wanneer jy dit glo, beweeg jy op gevaarlike terrein, omdat jy jouself die enigste bron van jou sukses maak - en die Bybel noem dit trots! Wat Jesus ons geleer het is as volg: 'Moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat sal ons tog eet?' of: 'Wat sal ons drink?' of: 'Wat sal ons aantrek?' nie. Dit is die ongelowiges wat oor hierdie soort dinge begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, maak die koningsheerskappy van God en dit wat voor Hom reg is, julle prioriteit; dan sal God vir julle al hierdie ander dinge byvoeg' (Matteus 6:31-33 NLV). Kom ons wees dus duidelik: God wil hê dat jy om die regte redes sukses in die lewe moet behaal; en Hy wil hê dat jy al die dinge sal hê wat jy nodig het om dit te doen.

Ek leer by my skaaphond – 9

Verlede keer:

Lassy en Philip het ‘n wonderlke vriendskaps- en werkverhouding gehad. Weens haar ongelukkige verlede was die versoeking altyd daar dat sy in ou gewoontes kan terugval. Wanneer sy daaraan toegee loop die verhouding tussen hulle skeef. Philip was egter te lief vir haar om toe te laat dat hulle werksverhouding bedreig word, daarom gryp hy in en dissiplineer haar.

Lassy was geheel en al aan Philip en die boerdery toegewy. ‘n Ander baie belangrike kenmerk van haar lewe was dat sy altyd beskikbaar was vir enige iets wat gedoen moet word. Oor haar lewe is *“available for anything”, en “eveready”* geskryf.

Iemand wat boerdery in die algemeen en skaapboerdery in die besonder, ken, weet van die verskillende soorte uitdagings wat die skaapboer moet hanteer. Een is dat die skape voordurend dopgehou en versorg moet word omdat skape van natuur hulpeloos is, vatbaar is vir siektes, weerloos is teen bedreigings, en nie in staat is om hulle self te versorg en te verdedig nie.

Dele van Philip se plaas was rowwe terrein en dig begroei met brame en ander struike. Van die skape sal juis dáár gaan soek na soetgras en iets anders om te eet, en dan nie weet hoe om terug te gaan nie. ‘n Ooi en lammetjie dwaal weg en kan nie weer die pad na die res van die trop terug kry nie.

‘n Sekere tyd van die jaar val die akkers en dan oorvreet die skape hulle en word baie vet. As een gly en op sy rug beland, kan hy nie self opkom nie. Iemand is dan nodig om die hulpeloses op te help.

Om dié redes was dit nodig dat hulle baie gereeld getel word om seker te maak dat almal veilig is. Dit was Lassy se taak om hulle te gaan soek en na die trop toe terug te bring. Sy het dit met totale gehoorsaamheid en oorgawe gedoen, maar dit het haar soms ‘n prys gekos en lyding veroorsaak - dit was vermoeiend, haar gesig het krappe opgedoen, haar hare het gekoek en haar pote het snye gekry weens die skerp klippe waaroor sy moes hardloop. Sy het egter geen moeite of gevaar ontsien nie, solank sy vir Philip en die skape kan dien. Sy het dié taak vreugdevol en met entoesiasme uitgevoer.

Die rede is omdat sy instinktief geweet het dat Philip weet wat hy doen, dat sy hom kan vertrou om haar nooit aan gevare bloot te stel wat vir haar te veel is nie.

Ons is ook geroep om betrokke te wees in die koninkryk om “ready for anything” te wees. Ons hoor soos Petrus “Laat My lammers wei”, . . . “Pas my skape op” (Joh 21: 15,16), maar ons moet weet dit gaan ‘n prys kos. Ons antwoord op die vraag “ Het jy my baie lief?”, sal bepaal of ons bereid is om die prys met entoesiasme en toewyding te betaal.

Dit sal ons doen as ons glo en weet dat ons Hemelse Herder altyd weet wat Hy doen, en ons nie sal blootstel aan dinge wat ons nie kan hanteer nie (1Kor 10:13)

Baie geluk aan almal wat verjaar :

4 - 10 Oktober

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Heymans	Max	10/04	012 664 0730	0832442082
Kambouris	Erika	10/04	012 664 4315	0724188901
Van Den Berg	Danie	10/04	012 664 2032	0844113758
Marais	Charel	10/05	012 664 6960	0835554177
Lambrecht	Mari	10/06	012 664 3595	
Le Roux	Marie	10/06		0725539215
Pretorius	Johan	10/06	012 654 9206	0731286523
Van Huyssteen	Marike	10/06		0725818694
Ebersöhn	Mariett	10/07	0827473614	0827473614
Nöthling	Suzanne	10/07	012 664 0354	
Sevenster	Joshua	10/09	0827666896	0827666896
Pienaar	Elsie	10/10	012 664 4639	0833791463



LIDMAATOPDATERING

Ons vra dat almal wat nog nie die nuutste vorms ingevul het met u besonderhede nie asb vir Susann kontak by 0828024883 sodat dit elektronies aangestuur kan word na u. Daar sal ook vorms by die deure beskikbaar wees sowel as in die kerkkantoor.

Baie dankie